## Afrikaanses

### Rou

Snags verdwaal ek in bosse sonder bakens
en loop in sirkels met nat geswete lakens.
Bedags is alle skroewe los. Niks is vas. Alles swewe.
My vrou is dood en ek het niks meer om voor te lewe.

### In die Bosveld

My jas haak vas aan ’n wag-’n-bietjie bos
en ek dra ’n Atlas deur my rousmart kolos.
’n Koedoe loer na my deur fyn doringtakkies
en by die kampvuur raak my smart las effens los.

### Aloe variegata (Kanniedood*)

Hierdie kanniedood liefde het ek geplant
in my tuin waar ons twee so bloedrooi blom.
Waarom is die ontydige dood so dom,
want hierdie kanniedood maak hy nie vankant.

* Toeligting: Die aalwyn Aloe variegata stoot sy rooi blomme uit in die ergste droogte. Daarom staan hy in die volksmond bekend as Kanniedood.

**Hennie Pieterse**
E-pos: hjcpieterse62@gmail.com


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n1a10